## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

**ACIM: Stad — 4 September**
**Kolping — 14 September**
**Bring vriende en familie vir Lente**

**Boekgroep**
**Maandag 4 September 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________________

E-Mail________________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

### Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 3 September 2017

## — LENTE LEWE —

### VRAE EN ANTWOORDE

## STILTE IN DIE KAPEL

### ~ Heaven in a Wild Flower — Bill Douglas ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

In hierdie ruimte voel ons U aanwesigheid —
hier is U beide
ons Heilige Vader en Helende Moeder
ons Moeder Aarde en Vader Heelal ...
Help ons om U gesig te sien
in elkeen wat ons sien
in alles waarna ons kyk ...
Vul ons nou met U teenwoordigheid
in elke spasie en ons tussen-in
sodat ons onsself kan klee
met U Goddelike Liefde en Lig ...
Draai ons toe met U Lig en U Liefde
want ons is hier in aanbidding en met afwagting
om 'n Blywende Ervaring met U te hê.
U — die Lewende God
U — die God van Lig
U — ons God van Liefde

## STILTE VAN BINNE

## *"Pappa, waar is die hemel?"*
## *"Oral waar jy ingaan, my kind!"*

Wanneer jy die twee één maak —
die innerlike soos die uiterlike
en die uiterlike soos die innerlike
en dit wat bo is, dieselfde as onder,
dan sal julle ingaan [in die Koninkryk van God] ...
Ek is die Lig wat bo alles is, Ek is die alles,
die alles kom van My en alles behoort aan My.
Split jy 'n stuk hout — Ek is daar;
lig jy 'n klip, sal jy my daar kry.

**— Evangelie van Thomas —**

==========================================================

## MOVE WITHIN AND DROP THE WITHOUT

When a man dies, the angels ask about what he brought
while the people ask about what he has left behind

**— Sufi Saying —**

**1. LIFE & DEATH:** "Ek't gekom om vir jul lewe te gee en dit in oorvloed" (J10:10)

*"Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. Toe sê Hy vir hulle: "Waarom is julle bang? Het jul dan nie geloof nie?" Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: "Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam."* — Markus 4:39-41

**2. HEAVEN & HELL:** Hemel moet **<u>IN</u>** my wees voor ek in die hemel kan wees.

*"See yourself as a single cell in a body called humanity, and vow to be a cell that cooperates with all adjacent cells with a sense of belonging to the whole. View uninspired thoughts and actions as impinging on your well-being and that of all humanity."* — Wayne Dyer

**3. ANGELS & DEMONS:** Van ego-denke na siel-denke, van vrees na liefde

*"The EGO is suspicious at best and vicious at worst — and we should never underestimate its vengeance!"* — ACIM

*"All power comes from God and if it doesn't come from God, then it has no power at all."* — ACIM



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



### ~ WHO WANTS TO LIVE FOREVER ~
### — KATHERINE JENKINS —

Die hemel is U sin, die aarde is ook U sin
die wêreld en alles daarin is deur U geskep.
Die noorde en die suide, U het dit geskep;
Tabor en Hermonberg
roep van vreugde oor u Naam.
U arm is sterk,
U hand is magtig,
U regterhand is omhoog.
Geregtigheid en regverdigheid
is die fondasie van U troon,
liefde en getrouheid gaan voor U uit.
Geseënd is die volk
wat hierdie geluid van blydskap ken.
Hulle wandel in die lig van U aangesig.
In U naam verheug hulle hulself die hele dag,
en deur U getrouheid word hul opgetel;
want U is die glorie van hul sterkte
en deur U guns word ons ramshoring verhef.

**— Psalm 89:12-18 (Direk Vertaal) —**

## Be the Awareness of the Presence of God

### ~ DAAR'S 'N PLEK — MATHIJS ROETS ~